

Fluit en viool floreer op Delos-album

2011-05-15 19:10

Thys Odendaal

Met die eerste aanhoor van 'n CD getiteld New Century Flute Concertos is jy midde-in 'n dramatiese vertrekpunt van die Kaapstadse komponis Hendrik Hofmeyr se Concerto per flauto e violino.

Die soliste is die Italiaanse fluitspeler Raffaele Trevisani en die Suid-Afrikaanse violis Piet Koornhof, saam met die Amerikaanse dirigent Constantine Orbelian voor die Moskouse kamerorkes.

Dit is nie die eerste keer dat Trevisani met dié violis vir die Delos-etiket 'n opname maak nie.

Die twee is skerp ingestel op mekaar, met die voortdurende verskuiwing van melodieë en motiewe tussen die solo-instrumente en ook die orkes.

In die Adagietto word die solo-instrumente aan mekaar gekoppel deur lenige, liriese frases.

Hulle vleg as't ware deur die orkestrale kombes en bou só 'n dringende klimaks. Die derde beweging, Vivace scherzoso, skep die idee van 'n vlugtige ligvoets fuga. Die momentum dwing in dartelende passasies voort tot by die verkwiklike slot.

Die res van die CD is saamgestel uit twee werke vir fluit en strykers van die Italiaanse komponiste Alberto Colla en Carlo Galante, en 'n werk vir piccolo en strykers van die Brasiliaanse komponis Ernani Aguiar.

Colla se Quasi una Romanza is 'n aangrypende werk in een beweging, gemerk "Largo". Trevisani se virtuose spel lê die uitvoering ten grondslag. Sy fluit tree in gesprek met die strykers, feitlik sonder uitsondering in 'n gespanne onderbou.

Shakespeare se Tempest is die musikale skildervlak vir Galante se driedelige I sospiri di Ariel (ook vir fluit en strykers). Die fluit is die klank-gedaante van Ariel soos hy hom voorstel aan die towenaar-heksemeester Prospero: rats, vrolik, vindingryk, maar daar skuil ook 'n rou melancholie in sy versugting na 'n vryheid wat hy nooit geken het nie. Trevisani se spel is manjifiek en saam met Galante se orkestrale tekeninge kan jy jou beswaarlik kleurryker musiek in hierdie idioom bedink.

Aguiar se Concerto vir piccolo en strykers is 'n verfrissende werk en 'n dankbare toevoeging tot die beperkte piccolo-repertorium. Die woord "choro" is hier van belang. Dit is 'n Brasiliaanse "band", 'n orkessie, en die musiek wat dié groepies gespeel het, het mettertyd begin bekend staan as "choro". Volgens Aguiar is daar vrolike en treurige "choro's". Sy piccolo-konsert is 'n vrolike, uitbundige werk. Die langsame tweede deel, aangedui as "Calmo", bly 'n mens lank by. Die album van 21ste-eeuse musiek vir fluit en orkes is 'n juweel, wat deur Aguiar se piccolo in die "choro"- slotbeweging uitbundig besing word.

- Die Burger